# HARTSPORE - OPSOMMING

GESKRYF DEUR JOLANI DU PREEZ - @verHOOG PRODUKSIES

Die storie vertel die verhaal van ‘n boer, Jan en sy mede-boere wat oppad is na ‘n Wildsveiling . Fritz Botha een van die boere se plaas is deur ‘n brand verwoes en wil graag die diere wat gered is op die veiling verkoop kry om sodoende die finansiële impak wat die verwoesting op sy boerdery het te probeer red.

Boer Jan se vrou verstaan nie hoekom hy na die veiling wil gaan nie, want hul plaas beskik oor geen grensdrade nie.

By die veilingsterrein kry elke dier die geleentheid om aan die afslaer en aan die veearts te verduidelik waarom hy of sy ‘n aanwins en belegging is om op die veiling gekoop te word.

Jy leerken vir Koning Leeu wat bekommerd is oor sy mede bosdiere, en die Here vra om vir hul uitkoms te bring- in besonder vir die klein diertjies wat almal wees gelaat is na die verwoestende veldbrand.

Aan die einde leer ons Boer Jan se opregte hart ken. Hy besluit om al die diere te koop, en hy is selfs bereid om ‘n duurder prys vir hulle te betaal. Sy medeboere, die afslaer en veearts kyk hom ongeloofwaardig aan. Sy rede is dat daar jare terug ‘n veel duurder prys vir hom betaal was toe Jesus aan die kruis vir sy sondes gesterf het.

Boer Jan het een voorwaarde waarop hy die diere koop. Hy koop hulle sodat hulle VRY kan wees. Daar is geen grensdrade op sy plaas nie, so hulle sal kan kom en gaan soos hulle wil - MAAR hy koop hulle met die voorwaarde dat hulle ‘n VERSKIL daar buite sal gaan maak.

Hy wil hê dat hulle moet lewe asof vandag hul laaste dag is en dat hulle HARTSPORE sal los oral waar hul gaan.



Kopiereg voorbehou